

HOOFSTUK 5

Die kerk

1. Wat is die kerk?

- 1.1 Die kerk bestaan uit al die mense wat deur die Here Jesus uitverkies is uit alle nasies, volke en tale – Heidelbergse Kategismus (HK), vr. 54.
- 1.2 In die Bybel word die kerk met verskillende name genoem:
 - Die liggaam van Christus – 1 Korintiërs 12:27
 - Die bruid van Christus – Openbaring 19:7
 - Die volk van God – 1 Petrus 2:10
 - Die kudde van God – 1 Petrus 5:2
 - Die huis van God – 1 Petrus 2:5; 4:17
 - Die tempel van God – 1 Korintiërs 3:16
- 1.3 Die kerk word geopenbaar in plaaslike kerke – gemeentes, soos byvoorbeeld ons eie gemeente.
- 1.4 Die plaaslike kerk is die kerk waarin iemand deur sy geboorte en doop ingelyf is – of waarheen hy vertrek het – en opgeneem is deur Jesus Christus.
- 1.5 Ons moet ons ook plaaslik (lokaal) by die ware kerk voeg, in die geloof dat dit die gemeente van Christus “alhier” is. Vgl. Openbaring 1:12-20; Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB), art. 28.
- 1.6 Die kerk op aarde word die *strydende kerk* genoem, omdat die kerk op die aarde nog elke dag besig is met die stryd teen die sonde en die werke van die duiwel. Die kerk in die hemel word die *triomferende kerk* genoem, omdat die kerk daar reeds oorwin het. Die kerk van die toekoms word die *ongebore kerk* genoem, want daardie lidmate moet nog gebore word in die voortgang van die geskiedenis. Wanneer hulle eers gebore is, dra hulle die kerk verder tot met die wederkoms.
- 1.7 Christus bewaar, beskerm en vermeerder die kerk deur sy Heilige Gees en deur sy Woord.
- 1.8 Van die skepping af tot met die wederkoms vergader Christus sy gelowiges in die eenheid van ’n ware geloof.
- 1.9 Ons glo dat ons lewende lede is van Christus se kerk. Dit is die taak – roeping! – van elke gelowige om lewende lidmaat van sy kerk te wees. Elke gelowige moet die amp van gelowige waarin hy deel gekry het deur sy inlywing in Christus, getrou uitleef. Dit wil sê elke gelowige moet altyd profeet, priester en koning van die Here wees.
- 1.10 Ons woord *kerk* kom van die Griekse woord *kuriakê* wat beteken: *wat aan die Here behoort*. Dié Woord beskryf die kerk as God se eiendom.
- 1.11 In die Bybel kom ook die woord *ekklêsia* voor. Hierdie woord word gewoonlik vertaal met *gemeente* en in sy grondbetekenis hou dit verband met *uitkies* en *uitsoek*. Dit impliseer ook bewaring en versorging. Dié woord sou dus die kerk as die uitverkorenes benoem.
- 1.12 Alle lidmate van die kerk is nie noodwendig uitverkorenes nie. Onder die lidmate is daar ook skynheiliges; mense doen hulle soms voor as gelowiges, terwyl hulle dit nie is nie. Dit is ook die betekenis van Jesus se woorde dat almal nie Israel is wat uit Israel is nie.
- 1.13 God eis van ons om die eenheid van die kerk te behou. Die kerk is een omdat dit een Hoof het, naamlik Jesus Christus, van wie die kerk die liggaam is. Paulus skryf in Efesiërs 4:4-6: “*Daar is net een liggaam en net een Gees, soos daar net een hoop is waartoe God julle geroep het. Daar is net een Here, een geloof, een doop, een God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon.*” Die verskeurdheid van die kerk op aarde is dus ’n sondige verskynsel en die kerk moet na die eenheid van die kerk soek. Hierdie eenheid mag egter alleen in die Hoof, Jesus Christus,

gesoek word. Alle ander eenheid is vals en dus verwerplik. Kerklike verdeeldheid is daarom nie die ideale toestand nie!

1.14 Die volgende artikels van die NGB handel oor die kerk:

- Artikel 27: Hierdie artikel handel oor wat die Here beloof in verband met die kerk.
- Artikel 28: Hierdie artikel handel oor ons belydenis dat elke gelowige die roeping het om hom by die ware kerk te voeg.
- Artikel 29: In hierdie artikel word die kentekens van die ware kerk en die valse kerk gegee en ook die onderskeid tussen die twee getref.

2. Bybelse simbole

Die Griekse woord *symbolon* kom nie in die Bybel voor nie. Simbole is egter algemeen in alle godsdienste.

Die Griekse woord *symbolon* beteken *iets wat ter vergelyking naas mekaar gehou word, kenteken, kontramerck, verdrag, kontrak*. 'n Simbool is dus iets wat iets anders waarmerk, of die bestaan daarvan waarborg.

2.1 Voorwerpe as simbole

- Die *Boom van kennis van goed en kwaad* en die *Boom van die lewe* is die eerste simbole waarmee ons kennis maak. Hulle is simbole wat God se wet en gehoorsaamheid aan Hom verteenwoordig!

- Die reënboog is die simbool van God se verbond dat God se toorn oor daardie geslag verbygegaan het en dat Hy nie weer die aarde met water sal vernietig nie.

Genesis 9:13: “*my boog gee Ek in die wolke; dit sal 'n teken wees van die verbond tussen My en die aarde.*” (AFR1953)

- Moses moes 'n koperslang in die woestyn maak (Nehustan) wat die genesende (en vergewende) mag van God gesimboliseer het.

Numeri 21:9: “*Toe het Moses 'n koperslang en dit op 'n paal gesit: en as 'n slang iemand gebyt het en hy kyk na die koperslang, het hy in die lewe gebly.*” (AFR1953)

- Die altaar in die Ou-Testamentiese erediens het die plek van ontmoeting tussen God en mens gesimboliseer. Dit was simbool van die plek waar die uiteindelijke offer sou plaasvind wat God se toorn oor die mens se sondes sou versoen.

Genesis 12:8 “*En daarvandaan het hy verder versit na die gebergte oos van Bet-el en sy tent opgeslaan tussen Bet-el aan die weste – en Ai aan die oostekant, en daar vir die HERE 'n altaar gebou en die Naam van die HERE aangeroep.*” (AFR1953)

Levitikus 9:7: “*En Moses het vir Aäron gesê: Kom nader na die altaar en berei jou sondoffer en jou brandoffer; en doen versoening vir jou en vir die volk, en berei die offer van die volk, en doen versoening vir hulle soos die HERE beveel het.*” (AFR1953)

Openbaring 8:3: “*En 'n ander engel het gekom en met 'n goue wierookbak by die altaar gaan staan, en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê;*” (AFR1953)

- Die ark het weer die teenwoordigheid van God gesimboliseer – sy reddende en besturende teenwoordigheid oor en in sy kerk.

Genesis 7:1: “*Daarna het die HERE aan Noag gesê: Gaan in die ark, jy en jou hele huisgesin, want jou het Ek regverdig bevind voor my aangesig in hierdie geslag.*” (AFR1953)

Eksodus 25:14-16: “*En steek die draaghoute in die ringe aan weerskante van die ark om die ark daarmee te dra. Die draaghoute moet in die ringe van die ark bly; hulle mag daar nie uit weggeneem word nie. Daarna moet jy in die ark die Getuienis sit wat Ek aan jou sal gee.*”

(AFR1953)

2 Kronieke 35:3: “Ook het hy aan die Leviëte, die onderwysers van die hele Israel, wat heilig was aan die HERE, gesê: Sit die heilige ark in die huis wat Salomo, die seun van Dawid, die koning van Israel, gebou het; julle hoef niks meer op die skouers te dra nie: dien nou die HERE julle God en sy volk Israel;” (AFR1953)

- Die tempel was simbool van God se universele krag en mag.
- Die Urim en die Tummim het die oordeel en openbaring van God gesimboliseer.

Eksodus 28:30: “Jy moet ook in die borstas van beslissing die Urim en die Tummim sit, dat hulle op die hart van Aäron kan wees as hy voor die aangesig van die HERE ingaan. So moet Aäron dan die beslissing van die kinders van Israel gedurigdeur op sy hart dra voor die aangesig van die HERE.” (AFR1953)

- Die voorhangsel was simbool van die dinge wat ons van die heiligheid van God skei, naamlik ons sondes.

Hebreeërs 9:1-12: “So het dan die eerste verbond sowel verordeninge vir die erediens asook sy aardse heiligdom gehad. Want die tabernakel is so ingerig: die eerste, waarin die kandelaar was en die tafel en die toonbrode, wat die Heilige genoem word; en agter die tweede voorhangsel die tabernakel wat genoem word die Allerheiligste, waarin ’n goue wierookbak was en die ark van die verbond, rondom heeltmal met goud oortrek, waarin die goue kruik met die manna was en die staf van Aäron wat gebloei het, en die tafels van die verbond; en daar bo-op die gérubs van die heerlikheid wat die versoendeksel oorskadu het, waarvoor nie nou afsonderlik gespreek kan word nie. En nadat hierdie dinge so ingerig was, het die priesters wel gedurig in die eerste tabernakel ingegaan om die dienste te vervul, maar in die tweede die hoëpriester alleen, een maal in die jaar, nie sonder bloed nie, wat hy offer vir homself en vir die sondes van die volk uit onwetendheid begaan – waarmee die Heilige Gees dit duidelik maak, dat die weg na die heiligdom nog nie geopen is so lank as die eerste tabernakel nog standhou nie. Dit was ’n beeld met die oog op die teenwoordige tyd waarin daar gawes en offers gebring word, wat hom wat die diens verrig, na die gewete nie volkome kan maak nie, omdat dit net bestaan het in spys en drank en verskillende wassing en vleeslike verordeninge wat opgelê is tot op die tyd van herstelling. Maar Christus, wat opgetree het as Hoëpriester van die toekomstige weldade, het deur die groter en volmaakter tabernakel wat nie met hande gemaak is nie, dit wil sê, wat nie aan hierdie skepping behoort nie, ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en ’n ewige verlossing teweeggebring.” (AFR1953)

2.2 Simboliese optredes

Simboliese handelinge was dinge wat gedoen is om nuwe, ander, veranderende of toekomstige omstandighede aan te dui. Hierdie handelinge was nie rituele soos wat dit by die towenaars of heidense rituele voorgekom het nie.

- ’n Slaaf wat permanent ’n slaaf wou bly, het ’n gat deur die oor gekry, en is aan die deurkosyn vasgemaak.

Eksodus 21:6: “dan moet sy heer hom na die owerhede bring en hom by die deur of die deurpos bring; en sy heer moet sy oor met ’n els deurboor; daarna moet hy hom vir altyd dien.” (AFR1953)

- Iemand wat afstand gedoen het van sy erfreg of lossingsreg, moes vir die ander persoon een van sy skoene gee.

Rut 4:7: “En dít was vroeër in Israel die gebruik by lossing en by ruiling om enige saak van krag te maak: die een trek sy skoene uit en gee dit aan die ander; dit was dan die bekragtiging in Israel.” (AFR1953)

- Wanneer jy jou hartseer wou wys oor iemand wat dood is, is jou hare afgesny.

Jesaja 22:12: *“En in dié dag roep die Here, die HERE van die leërskaar, tot geween en tot rouklag en tot kaalskering en tot omgoring van die roukleed;”* (AFR1953)

- Besnydenis was die simbool van die verbond.

Handelinge 7:8: *“En Hy het hom die verbond van die besnydenis gegee, en so het hy die vader van Isak geword en hom op die agtste dag besny; en Isak het die vader van Jakob geword, en Jakob van die twaalf aartsvaders.”* (AFR1953)

- Sondebok

Levitikus 9:15: *“Daarna het hy die offer van die volk gebring; hy het naamlik die sondofferbok geneem wat vir die volk bedoel was, en dit geslag en dit as sondoffer gebring soos tevore.”* (AFR1953)

- Die rooi koei

1 Samuel 16:13: *“Samuel neem toe die horing met olie en salf hom te midde van sy broers, en die Gees van die HERE het van dié dag af en verder oor Dawid vaardig geword. En Samuel het klaargemaak en na Rama gegaan.”* (AFR1953)

Numeri 19:2-9

2.3 Persone as simbole

- In die Ou Testament kry ons voorbeelde van hoe een persoon ’n hele groep kon simboliseer, of hoe een persoon die teenwoordigheid van God kon simboliseer.

2 Samuel 18:3: *“Maar die manskappe het gesê: U mag nie uittrek nie, want as ons miskien vlug, sal hulle nie op ons ag gee nie; ja, al sterwe die helfte van ons, hulle sal nie op ons ag gee nie, want u is soos tien duisend van ons. Dit is dan nou beter dat u ons van die stad uit te hulp kom.”* (AFR1953)

Eksodus 7:1: *“En die HERE het aan Moses gesê: Kyk, Ek stel jou as ’n god vir Farao, en jou broer Aäron sal jou profeet wees.”* (AFR1953)

- Die uitdrukking *man van God* word 27 keer gebruik van Elisa (en ook ’n aantal kere van Elia, Moses Samuel en Dawid).

Elisa het byvoorbeeld oor die mag beskik om:

- Lewe terug te bring

2 Konings 4:35: *“Daarop het hy teruggekom en in die huis een keer heen en weer geloop, om dan opnuut op te klim en oor hom neer te buig; en die seun het sewe maal genies; en die seun het sy oë oopgemaak.”* (AFR1953)

- Gedagtes te lees

2 Konings 5:26: *“Maar hy sê vir hom: Het my hart nie saamgegaan toe ’n man van sy wa af omgedraai het jou tegemoet nie? Is dit tyd om die silwer te neem en om klere te neem en olyfbome en wingerde en kleinvee en beeste en slawe en slavinne?”* (AFR1953)

Hiermee het hy in die plek van God gestaan (simbool!), want hy het die werke van God gedoen en was die simbool van God se teenwoordigheid.

- Net so het Moses se teenwoordigheid God gesimboliseer:

Eksodus 4:15: *“Jy moet dan met hom spreek en die woorde in sy mond lê. En Ék sal met jou mond en sy mond wees en julle leer wat julle moet doen.”* (AFR1953)

Eksodus 7:1 *“En die HERE het aan Moses gesê: Kyk, Ek stel jou as ’n god vir Farao, en jou broer Aäron sal jou profeet wees.”* (AFR1953)

Eksodus 14:16: *“En jy, hef jou staf op en steek jou hand uit oor die see en kloof dit, sodat die kinders van Israel dwarsdeur die see op droë grond kan trek.”* (AFR1953)

Eksodus 18:19b: “*Wat jou betref, wees jy die verteenwoordiger van die volk by God en bring jy die sake voor God,*” (AFR1953)

2.4 Simboliese handeling deur die profete

Hulle het dinge gedoen om aan te toon wat God in die toekoms met die volk sou doen.

- Jesaja het byvoorbeeld kaal geloop!

Jesaja 20:2: “*in dié tyd het die HERE deur die diens van Jesaja, die seun van Amos, gespreek en gesê: Gaan gord die haarmantel van jou heupe af los, en trek jou skoene van jou voete af. Hy het toe so gedoen en naak en kaalvoet geloop.*” (AFR1953)

- Jeremia het ’n nuwe linnegordel begrawe en later gaan uitgrawe toe dit half vergaan het om te wys wat die Here met die volk gaan doen! (Lees ook Levitikus 6:8-12.)

Jeremia 13

- Esegïël het Jerusalem op ’n kleiteël geteken en dit op ’n modelkaart beleër om vir die ballinge te wys hoe Jerusalem beleër gaan word.

Esegïël 4:1-3: “*En jy, mensekind, neem vir jou ’n baksteen en sit dit voor jou neer, en teken daarop ’n stad, naamlik Jerusalem; maak dan ’n beleëring daarteen en bou forte daarteen en gooi ’n wal daarteen op en stel laers daarteen op en lê stormramme daarteen aan rondom. Verder, neem jy vir jou ’n ysterpan en sit dit as ’n ystermuur tussen jou en die stad; en rig jou aangesig daarop, en dit sal beleër wees, en jy moet dit beleër. ’n Teken is dit vir die huis van Israel.*” (AFR1953)

2.5 Nuwe Testament

In die Nuwe Testament is al die simbole wat na Jesus Christus verwys het, vervul. Hy was self God en hoef dus nie meer deur enige simbole uitgebeeld word nie. Daarom is daar byvoorbeeld nie meer ’n lam wat tydens die Nagmaal (Paasfees) geslag word nie.

- Die tekens by die Doop en die Nagmaal is simbole van herinnering van dit wat deur die bloed van Jesus Christus verrig is.

Ons deelname aan die sakramente simboliseer ons geloof en volharding.

3. Die ware kerk

Die ware kerk het die volgende kentekens – NGB, art. 29:

3.1 Die suiwer prediking van die Evangelie

3.2 Die suiwer bediening van die sakramente, met ander woorde die sakramente moet bedien word presies soos Christus hulle ingestel het

3.3 Die daadwerklike handhawing van die tug

4. Die valse kerk

Die valse kerk dra die volgende kentekens:

4.1 Dit skryf aan homself en aan sy eie ordonnansies meer gesag toe as aan die Woord van God. Dit word meestal gekenmerk deur swaar reglementering.

4.2 Die valse kerk bedien nie die sakramente soos wat Christus hulle ingestel het nie. ’n Voorbeeld hiervan is om byvoorbeeld druiwesap pleks van wyn by die Nagmaal te gebruik.

4.3 Die valse kerk handhaaf die tug valslik. Enersyds sal die valse kerk verkeerdelik, op grond van humanistiese oorwegings, nie sy lidmate wat sondig, tug nie. Andersyds sal gelowiges wat heilig lewe, vervolg word.

5. Dienste in die kerk

- 5.1 Die buitengewone dienste. In die begin van die Christelike kerk het Christus van buitengewone dienste gebruik gemaak. Hulle was die apostels, evangeliste en profete.
- 5.2 Die gewone dienste. Na die ontstaan van die Nuwe Testament en die dood van die apostels het die buitengewone dienste verdwyn. Die gewone dienste het egter bly voortbestaan.

Die gewone dienste is:

- Die herders en leraars

Nadat die buitengewone dienste verval het, het hulle in besonder die profetiese werk van Christus voortgesit. Hulle bedien die Woord en sakramente en moet die kinders onderrig. Hulle is ouderlinge wat hard werk deur te preek en onderrig te gee (1 Timoteus 5:17). Saam met die ander ouderlinge is hulle dus ook opsieners oor die gemeente. Predikante is ouderlinge in lerende hoedanigheid:

- *episkopos* – opsiener wat in die besonder op die werk van die ouderling sien – predikante
- Die woord *biskop* word afgelei uit die woord *episkopos*.

- Die ouderlinge

In die Bybel word die volgende woord vir *ouderlinge* gebruik:

- *presbuteros* – oudste, wat sien op die leeftyd of waardigheid van die persoon wat die amp beklee – Handeling 20:28.
- Uit hierdie woord is dit duidelik dat die ouderlinge leiding in die kerk gee en die “*wagters op die mure van Sion*” is wat oor die hele gemeente moet waak.
- Hulle moet toesien dat alles in die gemeente ordelik gaan, toesig hou oor die leer en lewenswandel van die herders en leraars, waak oor die sakramente en sorg dat die kerklike tug gehandhaaf word.
- Hulle staan dus eintlik in die koninklike diens en oefen die regering in die kerk uit.

- Die diakens

Die woord *diaken* beteken *dienaar*.

- Hulle staan in die priesterlike diens en het te doen met die barmhartigheidsdiens in die kerk.
- Die gemeente moet deur hulle offers die diakens in staat stel om die armes te versorg.
- Die diakens ontvang die offer van die gemeente in die Naam van die Here en deel dit aan die armes uit in die Naam van die Here.
- So ontvang die armes die gawes uit die hand van die Here.
- Die diakens bevorder ook die eenheid in die gemeente.

- Die gelykheid tussen dienste

Tussen hierdie drie dienste bestaan geen hiërargie nie. Die een diens is dus nie hoër as die ander diens nie. Elkeen verrig net ’n ander diens in die kerk.